

7 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 34 en 35

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 34:14-35:1; 16-25

Ons diens aan die Here het sin, selfs al vergaan dinge om ons

Die Here is vol verrassings. Hy het klaar besluit om 'n einde te maak aan die koninkryk van Juda. Net 'n deel van die bevolking het oorgebly (34:21). Toe stuur Hy iemand soos Josia. Voor hom was daar nie nog 'n koning wat hom so heelhartig tot die Here bekeer het nie (2 Kon 23:25). Hy word as kind van agt jaar koning en begin as jongman om afgodery in die land uit te roei. Die volk is lief vir hom en daar is baie wat deur vrywillige gawes help om die tempel te herstel. Hy vernuwe die verbond met die Here (34:31), en die volk vier 'n paasfees soos daar sedert die dae van Samuel nie gevier is nie (35:17).

En tog is dit te laat. Die profetes Hulda (NAV: Gulda) bevestig dit: Die vlam van God se toorn sal nie geblus word nie (34:24-25). Al wat Josia se berou en herstel sal bereik, is dat Josia self nie die onheil sal belewe nie (34:28).

Wat is dan die sin agter al die hervormings? Waarom laat die Here juis nou die wetboek in die tempel vind?

Josia is die seun van Dawid, nie omdat hy die volk 'n nuwe bloeitydperk binnelei nie, maar omdat hy die volk vir die doodstoestand van die ballingskap moet voorberei. Die Here gebruik sy hervormings en die nuut ontdekte wetboek om later, aan die riviere van Babel, nuwe hoop en lewe aan sy volk te gee. Ons moet nooit die dag van klein dingetjies verag nie. God gebruik ons geloofsdade op maniere wat ons verstom.

Later sou dié Seun van Dawid, Jesus Christus, se werk uitloop op die dood – én die opstanding uit die dood.

Sing: Psalm 90:9

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)